Só lyk een van die 12 staanplekke op die nuwe kampeerterrein. Elkeen het sy eie dak, vloer, toilet, stort en wasbak.

Nina Maritz, die argitek wat die nuwe omgewingsvriendelike ontwikkeling met sy kampeerterrein ontwerp het.

Daar is ook 'n nuwe eetplek naby Sossusvlei. As jy iets by die huis vergeet het, is daar boonop 'n winkel wat tot jou redding kan kom in die woestyn.

Eko-vriendelike kampplek by Sossusvlei

Baie reën maak Namibië tans die mooiste tot dusver. By Sossusvlei wag 'n splinternuwe kampeerterrein wat Suid-Afrikaanse reisigers gaande sal hê, skryf FRANCOISE STEYNBERG uit Windhoek.

'n Swembad in die woestyn by Sossus Oasis naby Sossusvlei. Kampeer sal hier iets spesiaals wees.

FOTO'S: FRANCOISE STEYNBERG

Namibië is ná die rekord-reënseisoen landwyd mooier as ooit. As daar ooit 'n geskikte tyd was om dié land te besoek, is dit nou.

Een van die land se asembenemende landskappe wat nou besoek moet word, is Sossusvlei. By die Sossus Oasis-kampeerterrein en sy Engen-vulstasie aan die poort van die Namib-Naukluftpark kan toeriste in gemak kampeer.

Weens die nodigheid vir brandstof en inkopiegeriewe vir basiese benodigdhede en skoon badkamergeriewe vir toeriste, het die vulstasie sy deure verlede jaar oopgemaak.

Net soos Taleni Africa se Sossusvlei Lodge en woestynkamp is dit 'n oase en plek van lafenis vir toeriste waar hulle kan ontspan en daagliks varsgebak, varsgebroude koffie, 'n warm pastei of 'n yskoue roomys of koeldrank kan geniet.

Alles wat 'n toeris vergeet het om in te pak, byvoorbeeld 'n braairooster, vars vleis en ys, kan hier gekoop word.

Boonop is daar 'n sonaangedrewe internetkafee, die Outback e-Café, wat baie gewild is by jong buitelandse toeriste, wat hul vriende tuis op die hoogte kan hou van hul avontuurlike reis deur Namibië.

Die behoefte aan 'n skoon, goed versorgde kampeerterrein het egter bly staan nadat die vulstasie gevestig is.

"Kampeerders wou by die parkeerterrein van die vulstasie kampeer net om naby skoon badkamergeriewe te wees," het Willie du Toit, eienaar van Taleni Africa, gesê.

Uit dié behoefte is die naasliggende Sossus Oasis-kampeerterrein gebore. Hier kampeer jy in styl. Dié terrein is beslis vir diegene wat in gemak wil vertoef en nie ablusiegeriewe met ander kampeerders wil deel nie.

Elkeen van die 12 kampeereenhede het 'n dak, 'n vloer, sy eie toilet, 'n stort, 'n wasbak, 'n sonpaneel-waterverwarmer, 'n kombuiswasbak, braaigeriewe, ligte en 220 volt-kragpunte.

Die kompleks het boonop 'n swembad met groen grasperke waar afgekoel kan word en is binne loopafstand van die Sossus Oasis-winkel, asook van die Sossusvlei Lodge se restaurant.

Omgewingsvriendelikheid is hier die wagwoord, en dit is dus geen wonder nie dat twee van dié mense se lodges al eko-pryse verower het.

"Ons wil die natuur by al vier ons nuwe en bestaande ondernemings bewaar, en ons is trots om te sê dat ons 'n eko-vriendelike maatskappy is," het Du Toit gesê.

Om energie te bespaar, is die geboue só geposisioneer dat hitte-indringing tot die minimum beperk word en natuurlike lig maksimaal ingelaat word.

Sommige van die geboue se mure en dakke is gevul met grond wat uitgegrawe is om as natuurlike hitteversperring te dien. Mure is ook met natuurlike klip uit die omgewing bedek.

"Dink net, yskoue roomys wat in die woestyn deur die son gemaak is," het Du Toit trots gesê. Volgens hom word sowat 500 ton koolstofdioksied per jaar gespaar. Voorts gebruik alle elektriese toerusting min krag.

Op die kampeerterrein is sonpaneel-waterverwarmers geïnstalleer, asook 'n behandelstelsel vir afvalwater. "Die stelsel reinig die afvalwater tot 'n vlak waar die 'gryswater' vir die tuin gebruik kan word."

Voorts word streng waterbesparingsmaatreëls gevolg en word maandeliks van die boorgate se watervlak boekgehou. Net bio-afbreekbare skoonmaakmiddels word gebruik om die grondwatergehalte te behou.

Die meeste van die wasgoed by die lodges word in Windhoek gedoen. Alle vullis word gekompakteer en in 'n koelkamer gebêre. Dit word weekliks vervoer na 'n Windhoekse stortingsterrein, waar herwinning plaasvind.

Die Namibiese argitek Nina Maritz, wat bekend om haar omgewingsvriendelike ontwerpe is, het haar "groen" stempel goed afgedruk op Sossus Oasis.

■ **Francoise Steynberg is 'n joernalis van Windhoek.**

bespreek hier

Die 12 kampeerplekke is in 'n halfmaan geplaas sodat elkeen sy eie uitsig het.

Behalwe die braaiplek by elke staanplek is daar 'n kragpunt van 220 V. Besoek die webtuiste by www.sossus-oasis.com vir meer inligting.

Besprekings en navrae kan by reservations@sossusvleilodge.com gedoen word.

Die besprekingskantoor in Kaapstad kan by ☎ 021 930 4564 gebel word.